**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering

JAARGANG XXI — WOENSDAG, 30 MAART 1966 — NR. 4

# P.U. KEN STEEDS MEER GRADE TOE VANJAAR

**'n REKORD aantal van 525 grade word Saterdag tydens die gradeplegtigheid van die P.U. vir C.H.O. op Olënpark toegeken. Dit sluit negentien doktors- en 59 meestersgrade in. Byna 140 van die ander graduandi het tweede Baccalaureusgrade verwerf.**

Die Kanselier van die Universiteit, sen. Jan de Klerk ken by die geleentheid 'n doktorsgraad in die Teologie toe aan sy seun, prof. W.J. de Klerk, hoogleraar in Etiek en Logika aan die P.U.

Dr. H. Muller, Minister van Buitelandse Sake, sal die rede voer tydens die gradeplegtighheid. 'n Ere-doktorsgraad word aan sy broer, mnr. T. F. Muller, bekende finansier en mynbaas, toegeken.

Twee ander bekende nuwe doktore is prof. B. C. Jansen, hoof van Onderstepoort wat 'n tweede doktorsgraad in Mikrobiologie verwerf het, en mnr. J. T. van Wyk (D.Ed.) Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika.

**DAMES**

**Vanjaar word daar aan twee damets doktorsgrade toegeken. Hulle is mejj. I. Stiglingh (D.Sc.) lektrise aan die Universiteitskollege van Durban, en L. C. Minnaar (D.Litt.) lektrise in Afrikaans-Nederlands aan die P.U.**

Ander doktore is: mnre. C. N. Venter, J. J. Venter, F. J. Opperman en ds. E. J. C. Norval (almal D.Phil.), G. S. Preller en R. A. van der Bergh (D.Sc.), prof. J. L. Helberg (Th.D.), mnre. J. J. de Wet, I. S. Terblanche, P. G. W. Venter (D.Ed.), J. J. du Plessis, F. J. Viljoen (D.Comm.), en J. C. Lessing (D.B.A.).

Verlede jaar was daar 455 graduandi aan die P.U.

**VOORGRAADS**

Voorgraadse studente wat besonder goed presteer het is: (Vakke waarin onderskeidings behaal is word tussen hakies aangedui).

Mejj. M. B. van Niekerk, (Afrikaans-Nederlands; Engels; Wysbegeerte), D. S. le Roux, (Algemene musiekleer; Harmonie; Kontrapunt; Musiekgeskiedenis; Musiekvoordrag), M. E. P. Celliers, (Kosteberekening; Rekeningkunde), C. E. Grobler, (Ekonomie; Kosteberekening), en mnre. J. J. Grobler (Fisika; Toegepaste Wiskunde en Wiskunde), A. J. Muller (Kunsgeskiedenis en Wysbegeerte).



## NUWE LID VAN S.R.

**Mnr. Nic Vreken wat tydens 'n onlangse tussenverkiesing verkies is as verteenwoordiger van die A.B.K.K. op die Studenteraad. Hy kom in die plek van mnr. Koos Grobler wat uit die Studenteraad bedank het om 'n lektorskap te aanvaar.**

**Mnr. Vreken is in Augustus 1943 in Amsterveen, Nederland gebore. Hy kom as jong seun na Suid-Afrika. Hy het aan die Hoërskool Warden gematrikuleer waar hy ook hoofseun was.**

**In 1962 skryf mnr. Vreken aan die P.U. in vir die B.Sc.-graad.**

**Hy dien sedert 1964 op die bestuur van die A.B.K.K. en is vir dieselfde tydperk voorsitter van die P.U.-Skaakklub. Hy het verlede jaar ook op die bestuur van Thalia gedien.**

**Mnr. Vreken is voorsitter van Kompleks se huiskomitee en koshuispa van Uitspan.**



**Prof. W. J. de Klerk aan wie 'n doktorsgraad in die Teologie Saterdag toegeken word.**
Foto Fotokuns

## UUR VAN VERKIESING




**Mejj. Ansie Nel, Pranie du Plessis Marieka. Rautenbach. en mnr. Hans Erasmus het vanoggend die sypaadjie uitgekies om hulle „fort" vir hul man in die Algemene Verkiesing in Potchefstroom op te rig.**

# DORPSTUDENTE KRY DALK HUL EIE VERENIGING

**Ten einde dorpstudente aan die P.U. te aktiveer om meer aan die studentelewe deel te neem, is 'n voorlopige kommissie aangestel tydens 'n onlangse vergadering van die dorpstudente, om die moontlikheid vir die stigting van 'n Dorpsvereniging te ondersoek.**

Mnr. J. Kruger het tydens die vergadering gesê dat dit nodig geword het om 'n dorpsgroep te organiseer wat fungeer soos die verskillende koshuise aan die Universiteit. Die koshuise is oral verteenwoordig en het hulle eie sportspanne wat teen mekaar kompeteer.

**Dit is nie so 'n maklike taak vir die dorpstudente wat verspreid woon, om spanne saam te stel en konserte te organiseer nie.**

Die stigting van 'n Dorpsvereniging het noodsaaklik geword sodat die studente mekaar kan leer ken en ook kan deelneem aan die sportligas en konserte.

Die Dorpsvereniging sal dan soos 'n koshuis fungeer wat sy eie bestuur het, het mnr. Kruger gesê.

Van die honderde dorpstudente aan die P.U. het nie eers die helfte by die eerste vergadering opgedaag nie.

## Oud-student na Rhodes

Dr. T. van der Walt, oud-student aan die P.U. en later senior lektor aan die Universiteit Pretoria, het die professoraat in die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Rhodes aanvaar.

Dr. Van der Walt het in sowel Wiskunde as Chemie 'n M.Sc.-graad aan die P.U. behaal. Hy het sy skoolopleiding op Postmasberg ontvang.

Dr. Van der Walt is getroud en het twee kinders.

Volgens 'n berig in Rhodeo, amptelike studentekoerant van die Universiteit van Rhodes., het dr. Van der Walt die pos aanvaar omdat dit 'n klein universiteit is wat in 'n klein stadjie geleë is, wat glo ideaal is vir studiedoeleindes.

# Afrikaanse Calvinistiese Beweging onthul vywer

**Die Jaarkongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging vind volgende Vrydag om 7.00 nm. in die Frans du Toitgebou van die P.U. vir C.H.O. plaas. Die kongres sal veral gaan om beplanning vir die uitbouing en deurwerking van die Calvinistiese ideale.**

Die opening van die kongres word deur die Rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, waargeneem.

By die geleentheid word 'n Gedenkvywer ter ere van Calvyn en sy arbeid deur prof. W. J. Snyman onthul.

'n Uitvoering van tablos' sal tydens die onthulling deur studente gelewer word.

Na verwagting sal tussen tweehonderd en drie honderd mense die kongres bywoon.

## Konserwatorium tree op by saamtrek

'n Saamtrek van Oud-Pukke het verlede Saterdag op Postmasburg plaasgevind.

Oud-studente uit Kuruman, Olifantshoek, Delportshhoop en Postmasberg is uitgenooi. Ds. I. Minnaar van Postmasberg is voorsitter van die komitee.

'n Groep kunstenaars van die Potchefstroomse Musiekkonservatorium het 'n kunsprogram vir die Oud-studente en die publiek aangebied.

Mnr. H. M. Robinson, dr. N. Arnold, mej. L. C. Minnaar, mnr. C. J. Reinecke en mnr. Hans van Zyl van die Universiteit het die saamtrek bygewoon.

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



# KUNSGESELSIE

DIE tragiese lewensbesef mond vandag in ons tyd uit.

So dig staan die toneel by die lewe, dat ons daarin die mens wat ons is, herken. Die mens wat deur oorlogsgeweld, politieke spanninge, maatskaplike lewenstyl, mensevolte en lawaai bedreig word. Die mens wat nog desperaat probeer om iets van sy eie menslikheid te verdedig en te verwerklik, terwyl die objektiewe waardes en waarhede mateloos aan oortuigingskrag ingeboet het.

Die tragiek het in sy opset en implikasies 'n gedaantewisseling ondergaan, wat nou volkome voltrek is. Hierdie gedaantewisseling het veral op twee maniere plaasgevind. Ten eerste: die tragiek is gehumaniseerd. Die proses van humanisering van die tragiek is in die geskiedkundige ontwikkeling ingesluit.

By Aeschylos skuil Elektra se verantwoordelikheid nog agter die goddelike bevel van Apollo. Sophokles en Euripides skuif die bevel nog nie opsy nie, hoewel dit reeds Euripides se bedoeling skyn te wees. Hamlet weet egter reeds dat hy hom nie agter die wil of mag van ander kan verberg nie. Ibsen en veral Sartre spreek dit dan reguit uit dat die mens sy eie tragiek vorm, in die onderlinge menserelasies aan die een kant, en in sy selfverwerkliking aan die anderkant.

T. S. Elliot beaam dit, maar met 'n spesiale voorbehoud: die mens wat God los, vorm inderdaad sy eie tragedie. In 'n hoëre oktaaf klink nog 'n ander motief van die Christelike tragedie mee: Die tragiek van God se humaniteit in die wêreld, wat in alle menslike tragiek meetril.

Ten tweede: die tragiese idee het in die loop van die eeue universeel geword. By die Grieke was die held meestal steeds 'n vors of 'n derglike belangrike persoon. Dit was ook by Shakespeare die geval want hoewel hy in die Renaissance gestaan het, het die tradisie van die Middeleeue nog sterk invloed gehad. Dit was ook nie veel anders moontlik nie, want die gewone man en vrou het nog inderworpe aan die natuurkragte en die vorste- en kerkgesag gelewe. Die tragiek ontstaan eers in die botsing van vryheid en gebondenheid.

As die geskiedenis van die Weste, ja, die hele wêreld, in die lig staan van die gewonne vryheid; vryheid vir iedere mens, van welke stand, geslag, leeftyd of huidskleur ookal — dan is in die twintigste eeu die tragiese konflik in beginsel vir elkeen moontlik en aktueel. Dit is wat Sartre in sy letterkundige en wysgerige werke wou uitdruk. Iedereen kan soos Sartre se Elektra halfpad na die verowering van die vryheid faal, iedereen kan soos Orestes die sprong in die volkome onveilige bestaan waag en ontdek dat die medepligtigheid van elke mens aan die gemeenheid en tragiek van die wêreld onontkombaar is.

### REKENSKAP

Die Christendom het deurgings te min rekenskap gegee, of wil gee, van die tragiese aspek van die lewe. Die tragiek kry daardeur ,in teater en werklikheid 'n eie deurdringende sfeer, wat geen wisselwerking met die godsdiens ken nie. Erger is nog dat deur hierdie gebrek aan rekenskap het die Christendom self al te veel tragiese trekke aangeneem. So kry die feite oorhand oor die beloftes, die tradisie oor die vooruitgang en die dood oor die lewe.

Sonder die volle erkenning van die bevrydende mag van die kruis is dit ook nie anders moontlik nie. Ten diepste is die tragiese lewensinterpretasie die doodsvyand van die lewe. In ons tyd is die tragiese lewensuitkyk ook die magtigste en gevaarlikste vyand, omdat dit ook binne die geledere van die gelowiges en die wat die lewe liefhet, ontelbare aanhangers het.

### OPENHARTIG

Dat hierdie aanhangers 'n oog het vir die tragiese aspekte van die bestaan en dat die toneel ons soms met roue openhartigheid daaraan herinner — dit is ewe noodsaaklik as onmisbaar—alleen lik mits ewe onvervaard opgekom word vir die laaste waarheid, opgesluit in die woorde: „Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek te volle geken is." (1 Kor. 13:12.).

—D.v.d.B.



Prof. J. J. A. van der Walt van die P.U. (heel links) verskyn hier in teenwoordigheid van Ingemar Bergfeldt, wêreldberoemde pianis, mev. P. Fisher, sekretaresse van „Musika Viva" van Johannesburg wat die besoek van die buitelanders moontlik gemaak het, en die beroemde violis, Gyorgy Pauk (heel regs). —Foto: Fotokuns

# Eerste Meesterskonsert was klinkende sukses

**Die wêreldberoemde Hongaarse violis, Gyorgy Pauk, met begeleiding deur Ingemar Bergfeldt het op 12 Maart 'n uitvoering in die Konservatoriumsaal gegee.**

Hierdie eersteling in die reeks Meesterkonserte was 'n klinkende sukses. Pauk het stukke van Vitali, Beethoven, Schubert, Schuman en Kreisler gespeel. Die hoogtepunt van die aand was baie duidelik die Partita in D-mineur van J.S. Bach. Dit is 'n enorme werk in vyf bewegings vir soloviool. Pauk het hier uitgeblink in emosionele beheersing, geweldige tegniese vaardigheid en rotsvaste ritme.

Die uitvoering van die Chakonne uit die Partita was veral meesterlik gewees. Pauk het goed daarin geslaag om die verskeidenheid van ritmiese en melodiese kleur van die werk oor te dra, ten spyte van die tegniese ingewikkeldhede soos vierstemmige fugas en gekompliseerde harmoniese opeenvolgings.

Die res van die werke is baie meer ontspanne uitgevoer. Die Kreislerwerkie het uitgeblink deur 'n gladde virtuose weergawe.

D' Artagnan (Gerard Barray) en Constance Bonnacieux (Perrette Pradier) in 'n toneeltjie uit „Les Trois Masqueteres".

Op 17 Maart is die Franse rolprent „Les Trois Masqueteres" in die Sielkundegebou deur die Cercle Francais von Potchefstroom aangebied. Die Potchefstroomse sirkel in direk met die Alliance Francaise van Parys geaffilieer. Dit is 'n organisasie vir wêreldkultuur wat die vertoning van die rolprent moontlik gemaak het.

Die vertoning het dit moontlik gemaak vir P.U.-studente om die gehalte van Europese rolprente te besigtig. Fransprekendes en nie-Fransprekendes het die aand baie geniet.

## Oud-hoofdame in hoofrol

Kristie Jordaan, 'n oud-studente van die P.U., het die hoofrol vertolk in die Johannesburgse tak van die Akademie vir Dramakuns se aanbieding „Ek onthou vir Mamma" deur John van Druten.

## A.S.B.-kunsfees vanjaar op Stellenbosch

**Die A.S.B.-kunsfees vind vanjaar vanaf 4-8 Julie in Stellenbosch plaas. 'n Groot verskeidenheid van items is reeds aangekondig waaraan studente van die verskillende sentra kan deelneem.**

**Mededingers kan inskryf vir**
- **Beeldende kunste**
- **Fotografie**
- **Drama**
- **Voordrag**
- **Redenaarskompetisie**
- **Volkspele**
- **Volksang**
- **Letterkunde**
- **Koorkompetisie**
- **Kwartet en duet.**
- **Solo-sang**
- **Instrumentaal.**
- **Skaak**

**Die inskrywings van verlede jaar het maar weinig Pukke ingesluit en die Kunsredaksie wil die hoop uitspreek dat meer van die plaaslike studente 'n bydrae tot hierdie saak sal lewer.**



Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

GISELA MAIWALD

Fotograaf en Fotografiese Dienste

TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

# PUKKIE-VERKOPE WAS BAIE SUKSESVOL

**Duisende vreugdeblaaie van P.U. is Saterdag oor groot dele van Suid-Afrika versprei toe honderde studente gehelp het om van hierdie jaarlikse funksie 'n groot sukses te maak.**

Van verskeie verkopers van Die Pukkie, amptelike vreugdeblad van die Universiteit, is verneem dat die publiek die Pukkies baie goed ontvang het en was duisende blaaitjies reeds vroeg Saterdagoggend van die hand gesit.

Studente het honderde myle per motorbus en per trein gereis ten einde die blad in verskeie groot sentrums van die land beskikbaar te stel. In 'n onderhoud met die redakteur van die blad, is verneem dat die totale bedrag wat ingesamel is eers later in die week bekend gemaak sal word.

## Administratiewe Beampte van S.R. het verskuif

Mnr. Paul Buys, alombekende Administratiewe Beampte van die Studenteraad word vir 'n geruime tyd nie meer op kantoor gesien nie. Dit is nie algemeen op die Pukkampus bekend dat mnr. Buys nie meer vir die Studenteraad werk nie, maar vir die administrasie van die Universiteit.

Menigeen wat met hom saamgewerk het reeds hul opregte spyt uitgespreek het dat die Studenteraad hom moes verloor.

Die Wapad het mnr. S. J. du Plessis, voormalige voorsitter van die Studenteraad in die verband genader. Mnr. du Plessis skryf soos volg:

Vir bietjie langer as twee jaar was Paul, letterlik, die middelpunt van alle georganiseerde studentelewe op die kampus. Hierdie toedrag van sake was nie te wyte aan 'n konstitusionele reëling nie. Veel eerder hou dit verband met Paul Buys se persoonlikheid.

By sy kantoor kon die meeste probleme opgelos word. Dit was ook 'n goeie plek om heen te gaan om die jongste nuus uit die studentelewe te hoor of om sommer net te gesels.

**WERK**

**In die Administratiewe Beampte se kantoor is egter ook hard gewerk. Geen uur, dag of nag was ongeleë om met Paul 'n dringende saak te bespreek nie. Ek het hom by 'n paar geleenthede tussen twaalf en ses in die voormiddag op kantoor aangetref, besig met 'n ding wat „net eenvoudig afgehandel mies word voor more anders is daar chaos."**

Paul se gewilligheid en kontensieuse vasberadenheid om 'n onderneming tot op sy einde deur te voer was vir almal wat met hom saamgewerk het 'n besieling. Sy plek by die Studenteraad sal moeilik gevul word. Die studentegemeenskap van die P.U. is aan hom baie dank verskuldig.

## Nuwe handboek vir studente

**Tydens 'n onlangse Studenteraadsvergadering is 'n voorstel van die voorsitter van die A.B.K.K., mnr. Nico van der Merwe, goedgekeur dat daar gedurende 1966 planne in die werk gestel sal word om 'n nuwe, hersiene uitgawe van die Studentehandboek die lig te laat sien. Die jongste uitgawe van die handboek (die dunnetjie van 1964) het heelwat gebreke getoon en voldoen glad nie meer aan die vereistes nie.**

# Interuniversitêr

**BYNA 11,000 universiteitstudente dwarsoor die hele wêreld het aan die einde van verlede jaar aan die Universiteit van Snid-Afrika eksamen afgelê. In die Republiek is daar 535 sentrums waar die eksamens afgelê word, terwyl daar 30 in Suidwes Afrika, 32 in Rhodesië en 8 in Zambië is. In minstens twintig ander stede dwarsoor die wêreld is is daar ook sentrums van die universiteit.**

**UNIVERSITEIT VAN SYDNEY**

**Australiese geskiedenis is onlangs gemaak toe Charles Nelson Perkins die eerste Aboriginees (oerinwoner van Australië) geword het wat 'n universiteitsgraad verwerf.**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

'n Damestudent aan die Universiteit van Pretoria het aan die pers gesê dat maklik sestig persent van die universiteit se dames rook. 'n Ander damestudent het gesê dat U.P. die enigste universiteit in die land is waar dames nie mag rook nie.

**UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD**

Daar is onlangs aangekondig dat 'n kommissie aangestel sal word om die grondwet van die verteenwoordigende Studenteraad van die universiteit te ondersoek. Die Rektor van die universiteit dr. J. P. Duminy het gesê dat sekere kenmerke betreffende die huidige grondwet van die Studenteraad in die jongste jare te voorskyn getree het wat na die mening van die Universiteitsraad aandui, dat dit hersien, opgeklaar en aangepas moet word.

**UNIVERSITEITSKOLLEGE VAN RHODESIë**

Nie-blanke studente by die universiteitskollege het onlangs betoog teen wat hulle beskryf het as die onvermoë van die kollege-owerhede om die eensydige onafhanklikheidsverklaring van mnr. Ian Smith teen te staan.

Volgens 'n berig in 'n Sondagkoerant is die kollege die nuwe brandpunt in die Rhodesiese stryd en is dit skerp verdeel tussen die fokulteiit natuurwetenskappe (pro Smith) en die fakulteit geesteswetenskappe (anti-Smith). Die oorgrote meerderheid van die nieblanke studente studeer in die fakulteit vir geesteswetenskappe. Hulle woon nie lesings by nie en meer as twintig van hulle dosente weier om klas te gee.

**DJARKARTA (INDONESIë)**

Troepe moes onlangs bajonette gebruik en waasskuwingskote vuur om te keer dat studente wat teen pres. Soekarno se nuwe kabinet betoog, die presidentspaleis bestorm. Verskeie studente is deur bajonette gewond. Drie studente het reeds die lewe in betogings gelaat.

**UNIVERSITEIT VAN NIEU-SUID-WALLIS:**

„Daar is geen geskiedkundige bewys om die teorie te staaf dat 'n gemeenskap wat vrylik toegee aan seksuele drange, tot ondergang gedoem is nie," het Alex Carey, 'n lektor in Toegepaste Sielkunde voor 300 nuwe studente aan Australië se Nasionale Universiteit gesê. Hy het hulle toegespreek oor die toekoms van seks. „Voorhuwelikse geslagsgemeenskap moet beskou word as 'n proefneming met die oog op liefde." het hy gesê.

**RUSLAND:**

Die Russe het gedeeltelike sukses behaal met 'n eksperiment om Engels aan slapende studente te leer. Die metode om die lesse te leer aan die studente wat nog nooit vreemde tale probeer aanleer het nie, was veral suksesvol.

**RYKSUNIVERSITEIT VAN GRONINGEN (Nederland)**

Die Ryksuniversiteit is die enigste universiteit in Nederland wat 'n eie televisie-ateljee en regiekamer het, vanwaar honderde studente hulle lesings ontvang.



**Senator Robert Kennedy aan wie 'n visum toegestaan is om Suid-Afrika in Mei op uitnodiging van Nusas te besoek.**

# Afrikaanse Universiteite gaan saam konsert hou

**'n Inter-universitêre konsert word op 11 Junie be-oog tussen alle Afrikaanse universiteite en onderwyserskolleges, het mnr. Nico van der Merwe, voorsitter van die A.B.K.K. in 'n onderhoud gesê.**

Die konsert sal op die P.U.-kampus plaasvind.

'n Kunsfeeskonsert van die plaaslike A.S.B-tak word op 25 Junie aangebied. 'n Week later vind die sentrale A.S.B.-kunsfees plaas.

'n Lentekonsert, bestaande uit sanggroepe vind op 2 September plaas. Die Alabamakoor sal met Amerikaanse en Engelse volksliedjies optree terwyl die Duitse vereniging Duitsevolksliedjies sal sing. Die P.U. Volksangroep sal by die geleentheid Afrikaanse Volksliedjies sing.

Seisoenkaartjies vir die konserte is beskikbaar.

## Tussen Ons Gesê

## Leser wil Wapad streng vermaan

Geagte Redaksie,

Nadat ek die jongste uitgawe van 'n Onderwyskollege se studentekoerant ter insae gehad het, vind ek my genoodsaak om hierdie skrywe aan u te rig.

In die uitgawe van 23 Maart 1966 verskyn daar op bladsy 7 (die sportbladsy.) 'n „gedig" met die titel „Rypwording"

Benewens die onpoëtiese digvorm is daar 'n skreeuende banaliteit wat die „gedig" verder verlaag tot waar dit byna aan smerigheid grens.


Waarom die betrokke redaksie hierdie „gedig" in hulle koerant geplaas het, is 'n interessante vraag Moontlik uit onkunde? Of spreek hierdie gedig dalk die algemene lewensuitkyk van die mense uit?

Die doel van hierdie skrywe is om Die Wapad te vermaan sodat daar voortgegaan mag word op die ingeslane weg en nimmer gebuig word voor invloede soos die van hierdie studenteblad nie.

Die uwe,
C. J. S.

# BURGEMEESTER UIT P.U. SE GELEDERE

Die Dekaan van die Fakulteit Rete aan die P.U., prof. H. L. Swanepoel, is onlangs aangewys as die nuwe Burgemeester van Potchefstroom.



**Prof. dr. H. L .SWANEPOEL**
**Foto: Fotokuns**

Prof. Swanepoel is 'n gebore Vrystater. Hy het op Reitz sy skoolloopbaan voltooi waarna hy na die Universiteit van Stellenbosch is. Hy behaal die grade B.A. (1933) en LL.B. (1935). In 1935 was hy voorsitter van die Studenteraad waar hy saam met mense soos dr. Danie Craven, mnr. Dan de Villiers en prof. J. C. de Wet gedien het.

Hy het sy doktorsgraad in 1943 in Strafreg behaal.

Prof. Swanepoel is in 1951 vas aangestel aan die P.U. in die plek van prof. W. A. Joubert. In 1953 word hy professor in Regte.

Prof. Swanepoel het 'n paar jaar gelede saam met prof. J. C. de Wet die Stalsprys verower vir 'n publikasie oor die Strafreg.

na aksie.. satisfaksie




vol-ja smaa vol

* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:

G. Schoonhoven

Tomstraat 86a Telefoon 5136 Na-ure 6056

Huisarres: Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA

Vir

FIETSE

en vakkundige

Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende vakansies

Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR EN GOUGH MOTORS

GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:

Vespa en Lambretta

BROMPONIES

I. GLASER

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE: AFSLAG vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE

(Bentie Edms. Bpk.)

Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede

BOUQUET BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM

die WAPAD

WOENSDAG, 30 MAART 1966

# TWEE GROEPE

DIE beantwoording van die poging wat Afrikaanse Universiteite aangewend het om op gemeenskaplike vlak toenadering te maak tot Engelstalige Universiteite, het ook uitgebrei tot die sportfront.

Elders in die uitgawe verskyn 'n berig waarin vermeld word dat al agt Suid-Afrikaanse Universiteite, op 'n voorstel van Wits. toegestem het tot 'n Universiteitsliga. Die nuwe liga sal onder beskerming van die Transvaalse Rugbyunie plaasvind.

Dit is bekend dat die sportlui van Wits tot op hede min intensiewe belangstelling geopenbaar het in ons nasionale spel. In 'n verslag wat onlangs deur die Witwatersrandse Rugbyklub vrygestel is, word verontwaardiging uitgespreek omdat hierdie Universiteit slegs twee rugbyvelde het wat reeds sedert 1930 in gebruik is.

Die verslag meld die laksheid van studente wat in die meeste gevalle selfs nie eers die moeite doen om in skoon rugbyuitrusting op die veld te verskyn nie. Vleisbraaiaande moes afgeskaf word vanweë die rugbyspelers se traagheid om te help met nodige reëlings.

Dat die voorstel om 'n Universiteitsliga in te stel nou van hierdie Universiteit kom, is dus 'n heel aangename verrassing.

Uit die feit dat Wits juis rugby (en nie een van sy meer populêre sportsoorte nie) gebruik as medium vir 'n Universiteitsliga, blyk die bewuswording van hierdie Universiteit vir die noodsaaklikheid om op sportterrein 'n begin te maak vir beter samewerking tussen die Engels- en Afrikaanstalige Universiteite.

Waar nou op sportterrein gestreef word om bande tussen ons Universiteite te bind kan mens maar net hoop dat dit met sukses weerklank mag vind op sosiale en geestelike gebied. Sodat, wie weet, ook mettertyd die regte verhouding tussen blanke en nieblanke Universiteite kan ontwikkel met ons Christelik-Nasionale beleid as grondslag. Want soos 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves kan aangeneem word dat 'n sportgesonde jeug van vandag die geestelike gesonde leiers van môre sal wees.

# NIE WELKOM

Daar is aangekondig dat Senator Robert Kennedy 'n visum verkry het om Suid-Afrika in Mei vanjaar te besoek. Hy sal Nusas by die geleentheid kom toespreek.

Word daar egter ingegaan op die agtergrond van die Amerikaner, kan 'n mens dit net nie begryp hoe hierdie voorbereider van die Kommunisme, in die Republiek toegelaat kan word nie. Was dit dan nie met sy persoonlike toestemming dat die beperking op die invoer en verspreiding van kommunistiese propaganda in die V.S.A. in 1961 afgeskaf is nie? En was dit nie ook hy wat die antikommunistiese Moise Tsombe van Katanga 'n visum laat weier het om Amerika te besoek nie? En die terwyl verskeie kommunistiese diktators hartlik verwelkom is.

Robert F. Kennedy het die uitnodiging van Nusas aangeneem nadat hy die organisasie deeglik „bestudeer" het. Die bevinding van die „studie" was dan ook dat die beleid van Nusas „nie so gevaarlik en pro-kommunisties is soos die Nasionaliste in Suid-Afrika dink nie!" Hierop hoef 'n mens nie kommentaar te lewer nie. Almal ken vir Nusas teen die tyd.

Senator Kennedy is nie welkom in Suid-Afrika nie. Kan ons toelaat dat hierdie man Suid-Afrika gebruik vir sy eie politieke gewin?

## *Studente skryf en praat . . .*

**The feeling is that any action which is taken against U.C.T. will at the same time affect every university in South Africa.**

**Dome**
(Universiteit van Natal)

**U moet u nie blindstaar en sê u gaan Pro Veritate nie lees nie. Stel uself op hoogte met die mense se gedagterigting sodat u uself kan verantwoord.**

**Mnr. A. S. de Beer**, Direkteur van die Departement Publikasies en A.S.P.U. van A.S.B.

**Thus to inhibit and intimidate students with legislation is to strike a savage blow at every concept of a liberal university education, which implies unfettered thinking in all spheres —— thinking that is not subject to the directives of fear in its expression.**

**Varsity**
(Universiteit van Kaapstad)

**Compared with other countries, I do not think our students in this country work hard enough at their undergraduate studies.**

**Prof. E.G. Malherbe.**

**Pote, die tyd het aangebreek dat ons daadwerklike steun toesê aan mnr. Smith en sy (ons) mense.**

**Die Pootjie**

# In U Lig

**Deut. 32:11: Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels. . . .**

Die arend het sy nes gewoonlik op die hoogste rotse gemaak, met vlak daarnaas 'n styl afgrond van geweldige dieptes. Hier was die nes en die kleintjies besonder veilig.

In die nes het die kleintjies dit baie aangenaam gevind en daarom het hulle dit nie sommer vanself verlaat nie. Die moederarend kom daarom om die nes op te wek. Met ietwat van 'n ruheid word die kleintjies uit die nes gewerp en dit self aan flarde geskop. Die jonges verstaan niks, raak onrustig, fladder heen en weer met hooggehoue vlerke totdat hulle eindelik oor die afgrond die dieptes in stort.

En nou word hulle gedwing om met jong, stywe vlerke te klap en te spartel sodat hulle hulself nie in die dieptes te pletter val nie.

Intussen vlieg die moeder oor die kleintjies soms langs, dan weer onder hulle terwyl sy met die vlerke klap om so aan hulle 'n voorbeeld te stel. Ook die vader vlieg met uitgespreide vlerke daar en as een van die kleintjies moeg word, die vlerkies - nog swak en ongewoon - feitlik vanself toevou, skiet die vader met verbusterende snelheid na benede onder sy kleintjie in, vang hom op sy vlerke en dra hom sodat hy eers kan rus.

So leer die arende hulle kleintjies vlieg! So word hulle vlerke geoefen!

Hierdie beeld pas Moses op Israel toe.

In Egipte het Israel, soos in die arendnes, veilig gewoon. God kom wek egter dié nes op. Israel word deur die Egiptenare verdruk. En dan werp God hulle oor die afgrond. Hulle moet die woestyn in, maar steeds is God by. Hy neem hulle op Sy vleuels, dra hulle oor die gevare heen. God lei Israel in die woestyn om hulle te oefen in die geloof. Deur die woestyn heen oefen God die geloofsvleuels van Sy volk. Hulle word geleer om op Hom alleen te vertrou.

So bring God ook teenspoed oor ons, maar dit is nie omdat Hy 'n liefdelose Vader is nie. Hy plaas my in hierdie aardse stryd sodat ek my hoop op Hom alleen moet bou. In voor- en teëspoed moet ek aan Sy sterke Vadervleuels vashou.

Nou weet ek dat ek nie alleen staan in die stryd nie omdat Jesus alleen gestaan het, alleen in die dieptes versink het sodat die ewige Vadervleuels oor my kan oopgaan om my na hierdie aardse stryd op te neem in Sy heerlikheid.

# - Deur My Lens -

Teen hierdie tyd van die jaar het ons seker al agtergekom dat ons eintlik hier is om te studeer. Die eerste druppels van die reën van toetse en referate het al geval; dit wek in elk geval die nare vermoede dat ons moet begin skouer aan die wiel sit.

Die ywer mag nog by ons studente ontbreek; by ons dosente is dit beslis nie die geval nie. As 'n mens sien met hoeveel geesdrif hulle hul taak verrig terwyl daar so weinig weerklank van die kant van die studente is, kan jy nie anders as om hulle te bejammer nie.

Gelukkig word die doserende personeel in hul moeilike stryd bygestaan deur 'n aantal owerheidsmaatreëls wat die studente 'n bietjie aanspoor en ook sorg dat hulle in die spoor bly. Hieruit is dit ook maklik verklaarbaar dat sommige van ons dosente o.a. strenge kontrole oor klasbywoning hou en klasversuim met strafwerk bekamp.

**SKOOLDAE**

By baie van ons word deur hierdie optrede onwillekeurig assosiasies opgewek met ons skooldae. Vir die van ons wat die skoolstadium al ontgroei het en sonder veel trane van hierdie belangrike fase in ons lewens afskeid geneem het, is hierdie assosiasies minder aangenaam. Deur hierdie terugkeer van die ou dinge onthuts, moet hulle 'n bietjie sukkel om by die roetine in te val.


Maar ten slotte kom almal tog in pas en so marsjeer ons deur die akademiese jaar, netjies in 'n ry terwyl ons outomaties die verskillende bevele opvolg. Of die skoolassosiasies by almal van ons ·r-meng word met assosiasies met die militêre kamp weet ek nie.

Die gebrek aan lewendigheid op akademiese terrein, veral wat betref die verhouding tussen dosente en studente, het miskien iets te doen met die kloof wat 'n mens soms kan aanvoel tussen die studentelewe en die akademiese personeel. So iets kom tot uiting wanneer tydens studente-aksies (waarvan daar beslis nie 'n oormaat is nie) dosente juis buitengewoon streng op klasbywoning en klaswerk let. Aan die ander kant sal dosente seker tereg kan bewys op gebrek aan belangstelling in bedrywighede wat van die kant van die personeel georganiseer word. Hier kan die onlangse interfakultêre lesings as 'n voorbeeld dien. (Kan daar nie ook lesings gereël word wat vir die gemiddelde student interessanter is nie?)

**Van studentekant af moet ons in elk geval probeer om die verhouding tussen dosente en studente te verbeter.**

**REFLECTOR**

# GRAND PRIX



Draadkamele en martelpype het Vrydagmiddag gesing op die P.U.-kampus toe die jaarlikse „Bounie Grand Prix" plaasgevind het. Selfs die burgemeester van Tarentaal was teenwoordig.

# NON-SLEPERS VAN P.U. KRY UITSTAPPIE

**Alle studente wat nie sleep nie kry volgende maand die geleentheid om deel te neem aan 'n non-slepersfunksie wat deur die Ontspanningskomitee gereël word, het die voorsitter, mnr. Jan-At Kruger in 'n onderhoud gesê.**

Die funksie sal moontlik in die vorm van 'n uitstappie na Skandinawiëdrif of Parys aangebied word.

Die Ontspanningskomitee stel 'n baie bedrywige jaar in die vooruitsig. Vir Septembermaand word 'n lentefees beplan.

Buitelugetes wat bekend sal staan as „Oude Molen-aande" sal van tyd tot tyd aangebied word. Die reëling van klein funksies of gesellighede tydens langnaweke vir studente wat „tuisbly" word ook in die vooruitsig gestel, het mnr. Kruger gesê.

## Professor uit Frankryk sal hier optree

**Prof. P. Branchin van die Universiteit van Sorbonne in Frankryk sal Saterdag die gradeplegtigheid van die P.U. bywoon.**

**Hy en sy eggenote sal van 1 tot 15 April op Potchefstroom besoek aflê.**

**Prof. Branchhin sal studente in Afrikaans-Nederlands toespreek oor: „Carel van Mander als verbindingsman tussen Holland en Vlaanderen," en ook oor „Een ambassadeur van de Franse Cultuur in Nederland —Frans Erens"**

**'n Openbare voordrag oor: „Noord en Zuid: de Literaire eenheid als probleem," vind Vrydagaand om 7.30 in die Frans du Toitgebou plaas.**

**Die Franse vereniging van Potchefstroom (Cercle Francais de Potchefstroom) onder leiding van mnr. Teurlinckx, dosent in Frans aan die P.U. tree as gasheer op vir prof en mev. Branchin.**

## Werksgemeenskap se nuwe hoof

Prof. C. P. van der Walt, hoof van die Departement Staatsleer van die Potchefstroomse Universiteit is onlangs verkies tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se werkgemeenskappe.

# Internasionale politiek word bestudeer aan P.U.

**Daar is reeds verskillende stappe met die oog op die bevordering van die studie van internasionale politiek aan die P.U. gedoen. Hiervan het meer bekend geword uit 'n onderhoud met prof. C.P. van der Walt, hoof van die Departement Staatsleer.**

Prof. Van der Walt het daarop gewys dat die internasionale gebeure vir Suid-Afrika van steeds groter belang word. Dit is beklemtoon deur die onlangse verwikkelinge in Rhodesië. Teenoor die vrywording van die Afrika- state en nie onverskillig staan nie.

Professor van der Walt het gesê dat dit byna ongeloof-lik is dat in Suid-Afrika so weinig aandag aan die studie van internasionale politiek bestee word. Eintlik rus die taak, wat die Afrikaanssprekendes betref, op die skouers van slegs twee persone, dr. G.D. Scholtz en mnr. A.M. van Schoor.

Aan die P.U. is ter bevordering van die studie vir internasionale politiek reeds die volgende gedoen: 'n Sentrum vir Internasionale Politiek is in kamer 213 van die Frans du Toitgebou ingerig. Hier word koerante tydskrifte, landkaarte en pamflette bewaar en dosente en studente wat hul op hoogte wil stel van internasionale verhoudings het daar die nodige materiaal tot hulle beskikking. Die sentrum is daagliks oop.

Daar is ook 'n begin gemaak met die oprigting van 'n seminaar vir internasionale politiek. Dit word gesamentlik gedoen deur die Departement Staatsleer, Aardrykskunde, Geskiedenis, Geld- en Bankwese en Perswetenskap en die Instituut vir Afrikanistiek en Bantoeistiek.

Die voorsitter en sekretaris van die beheerkomitee is onderskeidelik professor C. P. van der Walt en mnr. J. J. van Tonder, albei verbonde aan die Departement Staatsleer. Lidmaatskap word vir studente en dosente van die Universiteit sowel as vir belangstellendes buite die Universiteit oopgestel.



Prof. Dr. C. P. VAN DER WALT
Foto Fotokuns

## Rhodesiër open skou vanjaar

Die Rhodesiese Minister van Lande, mnr. P. van Heerden, open vanjaar die Potchefstroomse Skou wat van 4 tot 7 Mei duur.

Daar is voorsiening vir groter uitstallings van skole, die Onderwyskollege en die Universiteit gemaak.

## Water-ondersoek byna voltooi

'n Wetenskaplike ondersoek na die posisie van watervoorsiening in die Vaardriehoek nader voltooiing.

Die ondersoek word deur die Departement van Beplanning in samewerking met die deskundige komitees van die Universiteite van Potchefstroom en Witwatersrand geloods.

Wanneer die ondersoek voltooi is, sal dit die mees gesaghebbende en volledige opname van waterbehoeftes van die belangrike nywerheidsdeel van Suid-Afrika wees.

# 'n Verdeelde wêreld stem saam oor Suid-Afrika, sê A.S.B.-president

**„Alle pogings om nouer samewerking tussen die studente-organisasies van verskillende rigtings in Suid-Afrika tot stand te bring, is gedoem tot mislukking. Vir die A.S.B. is daar geen alternatief nie, want die A.S.B. beliggaam ons beginsels". So sê mnr. Danie du Toit, president van die A.S.B. tydens 'n vergadering van die plaaslike tak op Donderdagaand 10 Maart.**

Mnr. du Toit het die verdoeseling en verwarring wat daar oor kardinale sake heers, afgekeur. Onbenullighede en onderonsies moet verdwyn. Hy het gesê die nood van die tyd moet besef word.

### ONVRIENDELIK

In 'n skets van die huidige wêreldsituasie het mnr. Du Toit gewys op die verdeeldheid van die wêreld in drie blokke. Al drie, die Kommunistiese, Afro-Asiatiese en Westerse blokke is onvriendelik teenoor Suid-Afrika.

Die toestand in Afrika, waar onrype heethoofde 'n aantrekking het vir politieke bloedgemors verskaf het leedvermaak het hy gesê.

**Engeland is dwalende in die dieptes van die religieuse, en politieke dekadensie en die V.S.A. is gevange in 'n toekomslose radeloosheid met die frustrasie van internasionale mislukking. Dit is duidelik dat, behalwe vir Rhodesië en Portugal die wêreld saamstem oor een ding, en dit is Suid-Afrika, het mnr. Du Toit gesê.**

Die verdeeldheid in Suid-Afrika self, het as onderliggende faktore twee strome waarvan een in harmonie met die wêreldstroom is en die ander bestaan uit behoudendes wat die beginsels voorstaan wat ons voorstaan, die Christelik-Nasionale beginsels.

### MISLUK

Mnr. Du Toit het die geskiedenis van die A.S.B. geskets en daarop gewys dat in die verlede elke poging om in studenteverhoudinge die tweestrominge te laat saamvloei, misluk het. Die sake moet nie in ligsinnige gesindheid benader word nie. Suid-Afrika het veral nodig: Verantwoordelikheid teenoor God, Volk en Land.

## A.S.B.-HOOFBESTUUR



Die hoofbestuur van A.S.B. het onlangs op die P.U. vergader. Hier verskyn van links na regs: mnre. B. Geldenhuys (U.S.), H. Human (U.P.), R. du Plessis (P.U.), D. du Toit (president, U.S.), R. du Plessis N.K.P., A. S. de Beer (P.U.), S. de Beer (U.P.) en O. du Toit (voltydse organiseerder. Afwesig: Carel Venter (P.O.K.).


## ADVERTENSIES

**Vir besonderhhede i.v.m. plasing van advertensies in Die Wapad, skakel met mnr. D. F. Malan by Tel. 2171 of 2172.**

**Advertensietariewe vir Studente:** 3 sent per woord Minimum van 30 sent per plasing. Of skryf aan: Die Advertensiebestuurder,
Die Wapad,
Die Studenteraadskantoor,
P.U. vir C.H.O.
Potchefstroom.

## PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

Tomstraat 86 Tel. 5474

# LEKTORE EN STUDENTE GAAN VOLGENDE WEEK TOER

**Lektore en senior studente van die Departement Aardrykskunde aan die P.U. onderneem gedurende die komende Aprilvakansie 'n uitgebreide studietoer na die Suidwestelike deel van die Kaapprovinsie.**

Die toergroep vertrek op Dinsdag, 5 April om 12 nm. op die lang reis van 3,200 myl.

Die doel van die toer is om 'n intensiewe geografiese studie van die Suidwestelike Kaapprovinsie te maak.

Studente wat die toer sal meemaak is sedert die begin van die semester besig om die geologie, geomorfologie, stadsgeografie fisiografiese streke ens. deur middel van handboeke, lugfoto's en kaarte te bestudeer.

In hooftrekke sien die toerprogram soos volg daar uit:
(Plekke waar oornag word)

Dinsdag 5 April — Bloemfontein.
Woensdag 6 April — Somerset-Oos.
Donderdag 7 April — Jeffriesbaai
Vrydag 8 April — Knysna.
Saterdag 9 April — Oudsthoorn.
Sondag 9 April — Oudtshoorn.
Maandag 11 April — Struisbaai.
Dinsdag 12 April tot Saterdag 16 April — Die Strand.
Sondag 17 April — Lainsburg.
Maandag 18 April — Kimberley.
Dinsdag 19 April — Potchefstroom.

Die toer staan onder leiding van prof. J. S. van der Merwe, dr. F. Potgieter en mnr. W. Voordewind.

Die studente wat die toer sal meemaak is: M. Moolman, E. van Rooyen, H. Avis, T. Coetzee, B. de Villiers, J. de Vries, H. Meadon, K. Pepler, G. Prinsloo, J. Pretorius en L. Wolmarans.

## *Nuwe vereniging aan P.U. gestig*

„Ons wil 'n sosiaal akademiese-vereniging stig. Nie 'n studiekring nie," het mnr. J. Kruger, voorsitter van die nuwe Wysgerige Vereniging aan die P.U. onlangs tydens die stigtingsvergadering van die vereniging gesê.

„Ons wil nie 'n ekstra klas wees in die jaarprogram van die Departement Wysbegeerte nie, maar 'n groep mense wat op sosiale voet wysgerig-akademies besig is," het mnr. Kruger gesê.

Hy het gewys op die groot taak wat die Wysgerige Vereniging het om op akademiese vlak te probeer soek na antwoorde en oplossings van aktuele probleme.

Negentien stigterslede was tydens die eerste vergadering teenwoordig. Hulle het ingesluit prof. J. . L. Taljaard en drs. N. T. van der Merwe.

## Sigaretrook kan gevaarlik wees

'n Subtiele aanmaning wat lui: „Waarskuwing, sigaretrook kan gevaarlik vir jou longe wees. Op las." het onlangs sy verskyning op sigaretdosies in Amerika gemaak.

Sigaretvervaardigers kan 'n boete van R71,000 op die lyf loop indien hulle die waarskuwing nie op die dosies plaas nie.

## Trustbeurs aan prof. toegeken

Die Ernest Oppenheimer-gedenktrustbeurs is aan prof C. P. van der Walt, hoof van die Departement Staatsleer aan die P.U. toegeken. Hy sal die beurs gebruik om 'n studie van internasionale verhoudinge in Europa te maak.

Prof. Van der Walt vertrek hopelik in Desember vanjaar vir ses maande na Europa. Hy gaan vir twee maande werk onder prof G.L. Goodwin van die London School of Economics, and Political Science en daarna nog twee maande in Nederland studeer onder prof. Vlekke van die Universiteit van Leiden.

In die oorblywende twee maande wil prof. Van der Walt universiteite en institute in Frankryk, Duitsland, Italië Switserland en Oostenryk besoek.

## Studentevoorligter van U.P. was hoofspreker tydens A.S.B.-vergadering

**Ons is nasionaliste omdat ons Christene is, het dr. Van Vuuren, studentevoorligter aan die Universiteit van Pretoria en hoofspreker tydens 'n A.S.B.-vergadering onlangs in die Totius-gedenksaal gesê.**

Dr. Van Vuuren se toespraak het gehandel oor die Christelik-nasionale lewensbeskouing, veral t.o.v. die universiteit en studentelewe.

### DANKBAARHEID

Hy het die Christelik-nasionale beskouing die kern van ons menswees genoem en dit beklemtoon dat die mens uit dankbaarheid lewe. Die hele kultuur is vergestalting van die mens se dankbaarheidslewe in God.

Die nasie is op sy beurt die vergestalting van die kultuur. Die Christen-nasionalis het sy nasie lief omdat dtt middel is om sy dankbaarheid te betuig. Ons moet krag uit God put en nie net mekaar die broederhand reik as die nood dreig nie.

Dr. Van Vuuren het die universiteit beskryf as 'n plek waar daar opgevoed word in die Christelik-nasionale beskouing. Dit is die taak van die universiteit om die lewensbeskouing te verdiep.

Studente-aktiwiteite moet ook voortspruit uit dankbaarhehid, het hy gesê. In die studentelewe moet 'n aantal persone opdrag hê om vir die Christelik-nasionale beskouing te waak; hulle moet 'n waghondkomitee vorm.

Die waghondkomitees van die verskillende universiteite vorm saam 'n bond: dit is die Afrikaanse Studentebond wat dus nie primêr 'n kultuurvereniging is nie. As die kultuur beoordeel word, moet dit ook wees volgens die liefdesnorm — die Christelik-nasionale moet op die voorgrond staan.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM


## Universiteit se fisikus het belangrike aandeel in navorsing

**Prof. P. H. Stoker, hoof van die Departement Fisika van die Potchefstroomse Universiteit, is een van die aantal vooraanstaande fisici en ander natuurwetenskaplikes wat aangewys is om op die nasionale komitee vir geo-magnitisme aeronomie en ruimtewetenskappe te dien. Die komitee, Sankgar, is onlangs deur die WNNR gestig.**

Die komitee sal verantwoordelik wees vir Suid-Afrika se deelname aan internasionale aktiwiteite in verband met geo-magnitisme, aeronomie en ruimtewetenskappe. Dit sal ook dien as 'n advieskomitee vir ander nasionale komitees wat vir verwante bedrywighede verantwoordelik is.

Dr. F. J. M. J. Hewitt, 'n onder-voorsitter van die WNNR, sal aan die hoof van dié komitee vir bolugfisika staan.

Die sekretariaat word deur die afdeling wetenskaplike samewerking van die WNNR voorsien en die eerste vergadering word die maand op Potchefstroom gehou.


**SANLAM**
*vir Beskerming*





So is mnr. John Gaunt deur die studente op die P.U.-kampus verwelkom Foto: F. v. Pletzen

## RHODESIË SAL NIE TOU OPGOOI SÊ DIPLOMAAT

**"Our stock is tough. We won't give in". Die woorde het mnr. John Gaunt gebruik toe hy onlangs opgetree het voor 'n groot aantal studente van die P.U. en P.O.K., in die Totiussaal.**



**Glimlaggend verwelkom die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Frans van der Walt die geakkrediteerde diplomatieke verteenwoordiger van Rhodesië, mnr. John Gaunt.**

**Die treffende foto is tydens mnr. Gaunt se aankoms by die Totiusgedenksaal geneem.**

**Foto: F. v. Pletzen**

Mnr. Gaunt, is die geakkrediteerde diplomatieke verteenwoordiger van Rhodesië in die Republiek.

Mnr. Gaunt het 'n kort skets van die Rhodesiëse geskiedenis gegee. Hy het vertel dat toe Rhodesië as selfstandige kolonie in 1939 oorlog verklaar het aan die kant van Brittanje, 'n kabinetslid voorgestel het dat hulle dit slegs moet doen op voorwaarde dat Brittanje onderneem om Rhodesië onafhanklikheid te verleen.

Die destydse premier het egter gedink dat dit nie 'n mooi optrede sou wees nie.

### GEDWING

**Toe Rhodesië in 1951 weer om onafhanklikheid gevra het, het Brittanje hulle feitlik in die Federasie ingedwing.**

Die Rhodesieërs het in 'n referendum ook ten gunste van Federasie gestem. Die Federasie is egter vernietig deur druk van die Afrika state.

### GHANA

Mnr. Gaunt, het gesê dat lande soos Ghana en Zanzibar hul onafhanklikheid gekry het op voorwaarde van 'n demokratiese regering. Toe die grondwette deur diktators opgeskeur is, het Brittanje egter nie na die V.V.O. gegaan nie. Die bloed na die staatsgreep in Zanzibar was nog skaars droog toe Brittanje die nuwe bewind erken het.

Rhodesiërs wat beskawing gekry het, word in Brittanje verraaiers en rebelle genoem.

**Die Rhodesiërs voel bitter, maar hulle sal nie tou opgooi nie, het mnr. Gaunt gesê.**

## PUKSTUDENTE KRY VANJAAR CINEMASCOPE

Verskillende goeie films sal vanjaar aan die Pukstudente vertoon word, het 'n woordvoerder van die Ontspanningskomitee van die A.B.K.K. gesê.

Die komitee het reeds 'n Cinemascope-doek en -lens aangekoop. Daar is ook sprake dat 'n verbetering in die luidsprekerstelsel aangebring sal word.

Meer films as in die verlede sal gedraai word.

# *Waarom is druipsyfer onder eerstejaars hoog, vra prof.*

**WAAROM behaal 45 persent van die studente wat aan universiteite inskryf nooit 'n graad nie? Waarom het 31.8 persent van Suid-Afrika se eerstejaarstudente in 1962 nie geslaag nie? Die probleme is die tema van 'n studieverslag deur prof. dr. E.G. Malherbe, wat onlangs afgetree het as Rektor van die Universiteit Natal.**

Die verslag sluit ook voorstelle in hoe om die hoë druipsyfer onder eerstejaarstudente te bekamp. Dit is aan alle Suid-Afrikaanse universiteite gestuur.

DORS

**Prof. Malherbe sê dat lektore te dikwels aanneem dat adolessente na 'n universiteit kom, dors na kennis en onafhanklike denke.**

Die nuwelinge kom skaars by die universiteit aan of hulle word opgeneem in, soos hy dit noem, 'n „plesierkultus" wat 'n al groter rol in die studentegemeenskap speel. Die mode of kultus het as rigsnoer die leuse: „As werk met plesier bots, los die werk."

OORLAS

Baie studente kla dat daar 'n neiging onder personeellede is om te dink dat hulle grootste verpligting is om navorsing te doen en die aandag wat hulle aan voorgraadse studente moet skenk, word net as 'n oorlas beskou, het prof. Malherbe gesê.

Die oorsaak van die hoë druipsyfer onder eerstejaars soek prof. Malhherbe op twee plekke: die skool en die universiteit.

**As na die skool gekyk word, is dit duidelik dat te veel mense wat nie in staat is tot universiteitswerk nie, 'n matriksertifikaat het. Die matriekeksamen behoort 'n skoolverlatings sowel as 'n universiteitstoelatingeksamen te wees.**

Die skoolverlatingseksamen moet volgens prof. Malherbe aan die einde van standerd nege geskryf word. Net die leerlinge wat die jaar goed slaag, moet dan 'n hoër standaard as die huidige matriekeksamen, skryf.

VERNAAMSTE

Die vernaamste oplossing vir die probleem is by die universiteit self. Die eerste jaar is 'n oorgangsjaar, het prof. Malhherbe in die verslag gesê. Die nuweling moet georïenteer word om die jaar op sigself betekenisvol te maak.

Lesings en die afneem van aantekeninge moet tot 'n minimum beperk word. Klem moet gelê word op studiemetodes sodat die nuweling kan leer hoe om te studeer en hoe om dinge vir homself uit te vind, het prof. Malherbe gesê.

Studente wat 'n universiteitsjaar herhaal, kos die Staat en universiteite jaarliks R1,750,000.



**Kulu se dames moes op een of ander wyse hul steun (daadwerklik) toesê aan die mans van Over de Voor, net voor hul rugbywedstryd teen Taaibos van die Universiteit van Pretoria. Hulle het dit gedoen in die vorm van 'n komieklike seremonie waar die nuutste Europese modes vertoon is.**

## PLANTKUNDIGES VAN P.U. BEDRYWIG IN BOSVELD

**Intensiewe navorsing oor die saadtoestand in die Bosveld word tans deur die Departement Plantkunde van P.U. onder leiding van dr. J. J. P. van Wyk gedoen.**

Dit is moontlik dat 'n saadtekort die spoedige herstel van grasbedekking in die Bosveld kan benadeel.

Volgens dr. Van Wyk is onder handelings vir finansiële toekennings vir so 'n projek reeds ver gevorder en word daar slegs gewag totdat die huidige saadoes gestort is.

Duisende grondmonsters sal dan oor die hele Bosveld versamel word en die saadinhoud daarvan by die Potchefstroomse Universiteit bepaal word.

Op hierdie wyse sal bepaal kan word hoeveel grassaad nog in die grond is en sal voor die volgende lente bepaal kan word waar die saadbron beperk of uitgeput is.

Die Bosveldboere kan ook meehelp in hierdie projek. Hulle kan die aandag op swak dele, plase of streke vestig en self grondmonsters na die Universiteit stuur vir ontleding. Aangesien die monsters volgens spesifieke metodes versamel moet word, moet boere eers die nodige inligting in die verband van dr. Van Wyk verkry.

Dr. Van Wyk meen dat die grondeienaars in hulle eie belang die navorsing baie kan bevorder deur met hierdie studie saam te werk. Die hoofpaaie loop nie altyd oor verteenwoordigende dele nie en dele waar toestande kritiek is, kan moontlik as gevolg hiervan nie onder die aandag kom nie.

## Laat Nuus

Uit betroubare bron is verneem dat mnr. L. D. Aucamp, tans verteenwoordiger van Korps Veritas Vincet op die Studenteraad moontlik vroeg in volgende kwartaal as lid van die Studenteraad gaan bedank.

Mnr. Aucamp se akademiese verpligtinge bied hom nie genoegsame geleentheid om ook nog die veeleisende taak in die studentelewe te behartig nie, is verneem.



MNR. L. D. AUCAMP
Foto: Fotokuns

## GEOLOGIESE STUDENTE VERGADER

Die P. U. Geologiese Studente Vereniging het sy eerste ledevergadering op Woensdagaand 2 Maart in die Geologie-laboratorium gehou.

Mnr. M. Brink het die besoekende geoloë van Stilfontein verwelkom.

Mnr. Andre Venter, 'n steenkoolgeoloog van Witbank, het voor die vergadering opgetree met 'n insiggewende lesing oor die probleme in verband met die ontwikkeling van die nuwe steenkoolveld naby Hendrina wat bestem is om steenkool te lewer vir die reuse-kragstasie wat daar in aanbou is.

Die vereniging beplan later 'n kleurskyfie-aand wat sal handel oor verskeie Geologie ekskursies na verskillende dele van die Republiek.

## Nuwe terrein vir Unisa

**Die Universiteit van Suid-Afrika sal na raming minstens R3½ miljoen in die volgende vyf tot tien jaar vir geboue en toerusting nodig hê, het die prinsipaal, prof S. Pauw onlangs op die eerste vergadering van die Raad van Trustees in Johannesburg gesê.**

**'n Nuwe universiteitsterrein gaan in Pretoria gebou word op grond wat die Pretoriase stadsraad geskenk het.**

**Voorlopige insamelingsveldtogte sal binnekort in Johannesburg en Kaapstad gevoer word.**

## Suid-Afrika het 116,000 Jode

Die Republiek van Suid-Afrika het 'n Joodse bevolking van 116,000 waarvan sowat die helfte in Johannesburg en omstreke woon volgens die South African Jewish Times. Jode is oor honderde lande versprei en van die lande het Suid-Afrika die negende grootste sametrekking.

## GEESTESSIEKTE GEVOLG VAN SUSMIDDELS?

**Is die chemiese stof serotien, wat in die menslike liggaam voorkom 'n oorsaak van geestesversteurdheid? Kan sekere prikkel- en susmiddels 'n motoris se oordeelsvermoë nadelig beïnvloed?**

'n Span wetenskaplikes van die P.U. begin vandeesmaand met navorsing wat antwoorde op die twee vrae kan bied.

Die navorsing mag van wêreldwye belang wees en 'n groot bydrae lewer op die gebied van geestesgesondheid.

**Dr. J. Offermeier van die afdeling Farmaologie wat onlangs tot senior lektor bevorder is, in samewerking met prof. K. W. Gerritsma, hoof van die Departement Farmasie sal aan die hoof van die navorsing staan.**

Die navorsing is daarop gemik om vas te stel tot watter mate serotien, wat deur ander stowwe in die menslike liggaam teengewerk word, 'n oorsaak van geestesversteurdheid is. Ondersoek sal ook gedoen word na die uitwerking van prikkel- en kalmeermiddels op geïsoleerde weefsels van mens en dier.

Sekere gevalle van geestesversteurdheid kan moontlik aan die vermindering of vermeerdering van serotien in die liggaam toegeskryf word.

TOETSE

Uit voorlopige toetse met diere is vasgestel dat die toevoeging van serotien aggresiewe gedrag laat afneem terwyl anti-seroniemstowwe die teenoorgestelde uitwerking het.

'n Tweede ondersoek sal die invloed van prikkel- en susmiddels op die mens nagaan. Dit gebeur dikwels dat motoriste van die middels gebruik maak en die moontlikheid bestaan dat die middels die oordeelsvermoë nadelig kan beïnvloed.

Die vermoede bestaan dat waar 'n mens die middels gebruik vir die verkryging van groter energie, later nie meer waargeneem word wanneer uitputting intree nie. Gevolglik word al die reserwe energie gebruik wat tot totale uitputting en selfs die dood kan lei.

## Immigrante het verminder

Gedurende 1965 het 38,326 immigrante na Suid-Afrika verhuis in vergelyking met 40,865 in 1964.

Uit Europa het daar 25,159 gekom; uit Afrika 10,763; uit Asië 327; uit die Amerikas 1,353 en uit Osoeanië 717.

## Oud-Rektor maak goeie vordering

Prof. J. Chris Coetzee, oud-rektor van die Potchefstroomse Universiteit, vorder bevredigend nadat hy 'n operasie ondergaan het.

BIERMANSKAP!
LION LAGER
LEEUPLESIER!
VZ004034/2




„Goeiedag, hoe gaan dit?
„Nee, goed dankie, behalwe vir die akademie"

Bogenoemde is seker die bekendste aanhaling uit enige gesprek op die kampus, veral so voor die vakansie as dit begin lyk of die proffies nou net begin herstel van die vakansie. Hulle neem nie in ag dat daar darem so 'n paar weke van uitsien na die vakansie ook moet wees nie — so half om in die stemming te kom, want anders is die vakansie mos net mooi verby as 'n mens begin besef dit is vakansie, of in die geval, dit was vakansie.

Haai, maar laas was ons nog by die akademie: hulle sê die balans moet tussen akademie en sport (of sports), behou word. Daarom het ek gedink ons moet die sleeprubriek hierdie keer 'n bietjie meer intellektueel inrig: wat van 'n bietjie letterkunde? Ek voel reeds baie digterlik oor 'n sekere „vrouehater" se manewales:

**Ek is hier . . . my snor was hier—**
**Hy was so 'n goeie maatjie.**
**Wie sy jy?**
**Kom loop verby —**
**Oom Frik se knor was nou 'n daadjie:**
**Kry 'n aster in die hand —**
**Sy word sy verloofde maatjie!**

(Jammer oom Jan Celliers, maar die gedig oor u vuilbaardjies het so goed gepas — veral die rym en ritme . . . )

Na die nuus, moet ons eers die getroudes gelukwens — van hulle begin ook nou aan die getroude lewe na die vakansie gewoond raak. Eerstens al die Tokkelokke: Hannes Viljoen en Hannetjie Viljoen (lyk my na 'n kwessie van soort soek soort). En Klasie Heystek en Susan Kruger. (Amper van Nick Loubser vergeet).

Verder is daar Chris Smit en Malie van der Walt, Kallie Kriel en Riana du Plessis, Jakkals Reinecke en Chrissie Venter, Kobus van der Walt en Bessie de Beer Johnny Matthews en Janita Oosthuizen en Louw van Wyk (seker nie Van Wyk Louw nie!) en Hettie Kruger.

Dan ook apologie aan Helena Lochner wie se „Albastertyd" so reg in die kraam van die verloofdes val:

**My sak is vol van klippies,**
**Blink, soms Hoekig, soms rond.**
**Het een kom haal — o die sond'**
**Toe wil hul almal hê:**
**Eers begin Annette (Benecke)**
**Korrelhou ook Jurie (Venter)**
**En Pietra was nie te red.**
**Louw Aucamp het ook een gewen;**
**Barrie Truter nie Draantjie s'n verloor —**
**As een begin rol volg almal:**
**Die klippie is getoor!**

Ag, nou is die versie klaar voordat ek nog kon sê dat Martie Venter en Andries van der Walt, Louisa Joubert en Martin Roode en Estelle Stander en mnr. Durban (vir haar) ook getoor is. Anton Roodt en Rika de Lange, Frans Schutte en Louise Geertsema, Dick Steyn en Rita Yssel en Mariana Lauw het ook saamgespeel.

Tienie Holoway se **Haasbekkies** pas uitstekend vir ons doel — ek bedoel die versie, want dit is maar goed 'n mens sleep nie op daardie stadium van jou lewe nie — bietjie ongemaklik om dan harde sjokolade te kou, né . . .

**Scottie sleep vir Kiela Venter**
**Renske laat Nic Vreken fluit**
**(in die sin van fluit en sing)**
**Venter saamstelling klim**
**Ook laaste uit die OIL-motor uit.**
**Die hele PUK is slepend,**
**Al wissel party pare gou.**
**En sleeptyd moet Loeloeraai sukkel**
**Om die slepers dop te hou.**
**Gert Kruger het vir Corrie**
**En klou haar in sy vuis,**
**En druk haar vingerlidjies:**
**Sy piep fyn soos 'n muis.**
**Carien Lubbe het vir Dewald beet,**
**'n druk tyd het hulle, want**
**met atletiek en ogiesmaak**
**is daar besigheid in die land.**
**Hillie, 'n nog groen oudame (De Kamper)**
**weet nie wat lê sy opsy:**
**Hans van der Merwe of Sielkunde Honneurs —**
**sal een van hul altyd moet ly?**
**(gelukkig is Gatland en die Sielkundelaboratorium naby mekaar).**

GOLD RUSH

Nog slepers: Elsa van Rooyen en Nic Gey van Pittius; sleep vas sommer na 'n klein rukkie, maar hulle ken mekaar darem al agt maande . . . Verder is daar Dina Roets en Maatsie Buys, Marika van Kulu en Tonie Botha Yvonne Jooste en Casper Els, Marina du Preez en Kobus Hugo en Sandra Coetzer en Flip van Rensburg. Dan word Marina du Preez geluk gewens met haar oorwinning in Klawerhof se Gold Rush en almal wonder hoekom die TP-Pontiac al om die ander dag by Helen Fox kom inloer — het die Leo dalk 'n Fox-snuf in die neus?

Haai ja, dan moet ek tog noem dat ek in die lyde en vreugde deel van die astertjies wat se kampslepe in die afgelope tyd weg is of hiernatoe gekom het.

BED

Hier is nog iets wat almal (met planne) dalk in belang kan stel. Die enkelbed-koors het Suid-Afrika getref, waaroor geneeshere en siekundiges glo baie bly is, want dit is baie gesonder as die dubbelbed en buitendien hou dit die huwerklik vars. Jongetroudes skop egter nog daarteen, en nou bestaan die neiging om met 'n dubbelbed te begin, en dit na so drievier jaar vir twee enkelbedjies in te ruil.

—LOELOERAAI



Heimat, die eerste permanente koshuis van P.U. wat vanjaar sy veertigste verjaardag vier.

# HEIMAT VIER FEES VANJAAR

**Heimat, die eerste permenente koshuis van P.U., en die tuiste van baie geslagte van veterane, vier vanjaar sy veertigste verjaardag.**

'n Komitee is reeds benoem om die nodige reëlings vir die vier van die groot gebeurtenis te tref. Die lede van die komitee is: proff. W. N. Coetzee, H. Venter en C.P. van der Walt (almal oud-Heimatters) en twee verteenwoordigers van die huidige inwoners, mnre. Jerrie van Vuuren en Braam de Villiers. Mnr. C. J. Reinecke van die Departement Ontwikkeling sal as sekretaris optree.

FEESBLAD

**Die publikasie van 'n feesblad word ook beoog, waarin hoogtepunte uit die vervloë jare weer voor die gees geroep en vir die toekoms bewaar kan word.**

'n Re-unie word ook in die vooruitsig gestel waartydens die manne weer in die geleentheid gestel sal word om mekaar te ontmoet, en te gesels oor die onvergeetlike dinge van die verlede.

## Oosterhof kry oudames by

**Aan die einde van 1965 het die dames van Ons Huis besluit dat Oosterhof se dak, — veral na die groot reëns — digter is as hul woonplek s'n, en het daarom hul intrek aan die begin van 1966 in Oosterhof geneem.**

**Daar word hegte vriendskapsbande in die koshuis gesluit — so heg dat die dames al praat van "Ons huis Oosterhof". Die feit dat hulle deurmekaar geplaas is met die dames van Oosterhhof, bevorder ook nog hul kameraadskap. Die ou inwoners van Oosterhof laat weet dat hulle al die nuwe Oosterhowwers, oudames en eerstejaars, 'n aangename ver blyf toewens.**

## Groot jolyt met intertee

Die intertee tussen Over de Voor en Oosterhof onlangs, het vir die eerste maal die jaar die manne se hartsnare geroer en die meisies se koppe laat draai. Geen wonder dat die jolyt so 'n hoë noot bereik het nie.

Tussen die oudames en ouhere se vreugde en blydskap oor die herontmoeting deur, het die eerstejaars terdeë van die geleenthede gebruik gemaak om dinge te ondersoek. Dr. Briers het oudergewoonte sy dienste aangebied as hartspesialis en soos enige goeie geneesheer persoonlik onderhoude gevoer met potensiële nuwe pasiënte.

Hans Erasmus se suiwer basbariton het verseker dat die ou bande van vriendskap verstewig is.

Beatrice Lombard se uitnodiging tot 'n herhaling van die geleentheid sal sorg dat die nuwe bande spoedig verstewig sal word, sê die mans van Over de Voor.

# Studente wil interessante werk hê -- lektor

**Studente in die Ekonomie aan twee Suid-Afrikaanse universiteite neem verskillende standpunte in oor die vraag of apartheid ekonomies en polities voordelig vir Suid-Afrika is.**

In 'n ondersoek van 'n seniorlektor aan die Universiteit Rhodes mnr. M. L. Truu, het hy bevind dat derdejaar-studente aan Rhodes apartheid as ekonomies en polities nadelig beskou. 'n Soortgelyke groep studente van die Stellenbosche Universiteit beskou apartheid polities noodsaaklik maar was verdeeld oor die vraag of dit ekonomies voordelig is.

TOEKOMS

Beide groepe voorsien egter 'n uitstekende ekonomiese toekoms vir Suid-Afrika.

**Die interessantheidsaspek by die keuse van 'n loopbaan is die hoogste gestel. Daarna volg die salaris en die mate van standvastigheid wat die loopbaan bied. Diens aan die gemeenskap, sosiale status en invloed beklee volgens die ondersoek 'n lae plek.**

Die gemiddele salaris wat die studente by indiensstreding verwag is R176. Die grootste groep wil in die private sektor werk, terwyl die staatsdiens en onderwys laag aangeslaan is.

## DIE TAND KAN GLAD UITSAAI

'n Tand wat uitsaai, is aan die tandheelkundige fakulteit van die Universiteit van Michigan deur 'n Britse ingenieur ontwikkel.

Die tand bestaan uit 28 klein komponente wat ses miniatuurradiosenders vorm. Die radiosendertjies verskaf gegewens aan 'n rekenoutomaat, wat op sy beurt die presiese funksie van die tand ontleed.

'n Span navorsers aan die universiteit vra vrywilligers om appels of grondbone met die tand te kou. Die tand meet dan die krag en rigting van die byt.



**Dawie du Plessishuis-Noord het onlangs besluit dat alle inwoners van die koshuis voortaan eenvormig gekleed moet wees. 'n Spesiale uniform is ontwerp. Dit bestaan uit 'n liggrys bol en rand en word op die kop gedra. Op die swart band van die uniform word die rang van die draer aangebring. Vir eerstejaars is dit 'n enkele groen strepie; vir tweedejaars kom daar 'n rooi strepie by en vir elke daaropvolgende jaar op die Puk, word 'n wit strepie bygevoeg. Op ons foto verskyn v.l.n.r.: Dawie van der Merwe, Urbie Geldenhuys en Flip Helberg, ten volle gekleed in die nuwe uniform van Noord.**

## 'Liberalia' kry roei-trofee

Makouvlei (Dawie Dup-Suid) en Liberalia (Dawie Dup-Noord) was weer in 'n stryd gewikkel en hierdie keer op die dam waar hulle 'n „regatta" gehou het.

Die gesogte trofee is naelskraap voor Makouvlei se neuse weggeraap. Die trofee sal hierdie jaar sy regmatige plek inneem onder die bed van Noord se roeikaptein.

Nadat Dawie Dup-noord sy rugby neerlaag van die oggend gewreek het, het die twee koshuise gesellig verkeer rondom 'n potjie pap en wors met musiek op die agtergrond.

P.F.S.

## Belangstelling Vir Studie Gewek

Skoolhoofde van hoërskole wat onlangs hulle leerlinge gestuur het om nader met die Potchefstroomse Universiteit kennis te maak, het briewe van dank en waardering aan die Universiteit gerig.

Die meeste skoolhoofde bedank die Universiteit vir die nuwe insigte wat vir leerlinge geopen is en die belangstelling wat vir verdere studie gewek is.

# Vereeniging klop Pukke met hardlooprugby

**In die eerste wedstryd van die seisoen het die P.U. se eerste rugbyspan 'n groot neerlaag gely teen die bulspan van Vereeniging. Die eindtelling was 32-0.**

Van die begin af was dit duidelik dat Vereeniging die mees afgeronde span was. Hulle samespel, taktiek en in 'n mindere mate hulle fiksheid, het die Pukke lelik laat bontstaan.

In die eerste helfte het die Pukke egter goed vertoon en telkens gevaarlik gelyk. Manne soos William Scott en Leon de Bruin het dikwels die oog op die verdediging gevang.

Na tien minute se spel in die tweede helfte het die Pukke egter heeltemal ingegee. Hulle verdediging was soms pateties en manne soos Jan van Zyl, Gawie van der Lith en Mynhardt Ferreira het paaie deur hulle gehardloop.

Die rede vir hul neerlaag is egter baie goed deur Springbokkaptein Abie Malan opgesom tydens die braaivleis wat na die wedstryd plaasgevind het. Die Puk-voorspelers was te bang om regtig in te klim in die losskrums, het hy gesê. Elkeen wou individueel soos 'n losvoorspeler rondhardloop.

**ONOORDEELKUNDIG**

As tweede rede het hy aangevoer dat die agterlyn te veel en daarby nog onoordeelkundig wou skop. Die vleuels het baie min van die bal te sien gekry.

„Elke speler moet nie wag op sy afrigter om fiks te word nie, maar moet dit self doen en baie eerlik teenoor homself," het mnr. Malan gesê.

**Die tweedespan het hulle egter goed van hulle taak gekwyt en die tweedespan van Vereeniging met 26-10 gewen.**

Hulle het die bal lekker rondgegooi en die agterlyn het baie loopkans gehad. Spelers wat uitgesonder moet word is Koos Venter, (twee drieë) en Bertie Fourie.

Oudergewoonte het die span van Dawie du Plessis-huis weer puik vertoon en die derde span van Vereninging met 29-0 gewen. Agterspelers soos Kobus Marais, Blackie Vorster en Charl Marais het gate deur die verdediging gehardloop. Dawie du Plessis is dan tans ook die enigste onoorwone span onder die koshuisspanne en met die gees wat die span openbaar, behoort dit nog lank so te bly.

...Die opkoms na die eerste rugbywedstryd van die seisoen was uiters swak. Die handjievol studente op die pawiljoen het ook maar 'n swak poging aangewend om hulle span oor die doellyn te help.

## Twee Pukke het puik genael

Tydens die Noord-Transvaalse atletiekkampioenskappe wat onlangs op Pretoria plaasgevind het, het twee Pukke goeie vertonings gelewer. Willie Coetzee, het die 120 treë hekkies gewen, met 'n tyd van 14.5 sek. en was ook tweede in die 220 treë hekkies. George Muldner het die beste tyd van sy loopbaan behaal in die myl, nl. 4 min. 23 sek.

## Makouvlei baas na vier jaar

Op Saterdag 5 Maart, het Makouvlei vir die eerste keer in vier jaar daarin geslaag om vir Dawie Dup-Noord pak te gee in die Koshuisrugbyproefwedstryd. Die telling was 14-3.

# Taaibos wen Over de Voor in harde tweestryd

**Taaibos, groot manskoshuis van die Universiteit Pretoria, het daarin geslaag om sy rugbyneerlaag van 1965 teen Over de Voor te wreek. Hulle het die Pukke onlangs met 'n telling van 11-6 oorrompel.**

Hoewel die wedstryd nie pragrugby opgelewer het nie was daar wel 'n paar hoogtepunte. Veral in die eerste helfte het die spanne mekaar goed opgekeil.. Over de Voor het hier dan ook 'n paar kanse verbrou wat hulle waarskynlik die wedstryd gekos het.

Na rustyd het daar egter 'n verslapping aan Over de Voor se kant ingetree en feitlik elke lynstaan en veral die losskrums is deur Taaibos se voorspelers gebuit. As gevolg hiervan was Over de Voor die hele tyd op die ververdediging en Taaibos se agterlyn kon lekker rondhardloop.

Na die wedstryde is Over de Voor deur Taaibos onthaal met 'n braaivleis wat almal terdeë geniet het.

Die derde wedstryd tussen die twee koshuise vind volgende jaar op Potchefstroom plaas.

**Die Perdeby van U.P. berig soos volg: „Over de Voor-kêrels van Potch, is toe Saterdag met trompetgeskal hier verwelkom. Dit was nie moeilik om hulle te laat tuis voel nie, hulle is 'n gawe klomp.**

**Die rugby was tipiese studenterugby en die Taaibossers se harte wou bars van trots toe die eindfluitjie blaas. Saam met die vrolike Pukke is daar gebier en gebraai tot laat in die nag."**

# Proefwedstryde bring baie nuwe talent na vore

**Die rugbyproefwedstryde tussen die vier koshuisgroepe van die P.U. het onlangs plaasgevind. Rugby uit die boonste rakke is gespeel en reeds van die begin af kan mens voorspel dat die Puk venjaar 'n goeie span in die veld gaan stoot.**

In die eerste wedstryd het die dorpspan te staan gekom teen die span van Dawie du Plessishuis. Hier het Dawie du Plessis se fiksheid en beter samespel die deurslag gegee en hulle het met 11-6 gewen.

**Vir die koshuisspan het heelagter Piet Bruwer keer op keer sy span uit die moeilikheid gehelp.**

Gieter van der Walt, skrumskakel van die Dorp het goeie diens aan sy agterlyn gelewer, dog van sy tipiese breekslae het daar niks gekom nie, aangesien hy goed vasgelê is deur die losvoorspelers van Dawie du Plessis-koshuis.

**OVER DE VOOR**

In die wedstryd tussen Over de Voor en Kompleks het laasgenoemde byna vir 'n verrassing gesorg toe hulle amper daarin geslaag het om die sterk span van Over de Voor te klop.

In die los spel was dit William Scott en Karel Kirstein; en in die vas spel het Aalwyn Kruger, 'n eerstejaar, 'n bars gespeel.

Hoewel Kompleks die lynstane en losskrums oorheers het, kon hulle die voordeel nie benut nie. Bertie Fourie het nie 'n gelukkige dag op losskakel gehad nie en die senters het onoordeelkundig geskop.

Die heelagters van albei spanne het foutloos gespeel, dog die spel van Koos du Plooy (Over de Voor) was meer afgerond.



Navy Lindeque hang onderstebo tydens die oefeninge van die P.U. se matmanne. Die Pukke moes onlangs die knie buig voor die sterk spannetjie van die Potchefstroomse Onderwyserskollege.
Foto: Mac v.d. Merwe.



Dit lyk of Sasol Moens en Willie Brewis 'n nuwe danpassie uitvoer terwyl die dametjie die bal voor hulle neuse wegraap. Die toneeltjie het hom afgespeel tydens 'n korfbalwedstryd tussen die sokkermanne en die korfbaldames.
Foto: F. van Pletzen.

# DRIE S.A.-REKORDS SPAT TYDENS WES-TVLSE ATLETIEKBYEENKOMS

**DRIE Suid-Afrikaanse rekords is oortref en verskele Wes-Transvaalse rekords is geëwenaar of oortref op die Wes-Transvaalse Atletiekkampioenskappe wat op 19 Maart op die Bill Swart Ovaal beslis is.**

Die hoogtepunt van die dag is bereid toe John Somers die 22-jarige leërsersant, vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse hoogspringrekord gesorg het met 'n hoogte van 6 vt. 8½ dm. Somers se prestasie is merkwaardig as sy unieke springstyl en sy liggaamlike gebrek in ag geneem word.

Nadat hy oor die rekordhoogte gesell het, het groot opgewondenheid op die baan en paviljoen geheers. Talle kwekelinge het op die baan gestorm om hulle instrukteur geluk te wens.

**Chris de Nysschen, die belowende junior hekkies-atleet, se twee Suid-Afrikaanse rekords van 14.0 sek. in die 120 tree hekkies en 23.4 in die 220 tree hekkies het hy albei binne 'n halfuur opgestel. Daarna het hy ook die senior 220 tree hekkiestitel ingepalm.**

Kesie Cornelissen het die 100 tree, 80 meter hekkies en die 220 tree vir dames gewen. In die 220 tree het sy 'n nuwe Wes-Transvaalse rekord van 24.2 sek. opgestel.

Hennie Meintjies en Ben Klopper het die Wes-Transvaalse rekords in die 880 en 100 tree onderskeidelik geëwenaar met tye van 1 min. 51.8 sek. en 9.6 sek.

Die 440 tree hekkies is gewen deur Peter Rich in 52.5 sek. Willie Coetzee het die 120 tree hekkies sonder enige kompetisie in 14.6 sek. gewen. Hy het ook kort op die hakke van Klasie Brummer die tweede plek ingeneem in die 440 tree met 'n tyd van 49.4 sek.

Mans- en Sportuitrusters

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

VEKA

daarom koop u by ons, die ENIGSTE VEKA-uitrusters in die dorp

INSLEEP

Waarheen almal sleep

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

Koshuisbestellings Tel. 6039



Nuwe hoekie

# *Suid-Afrikaanse Universiteite kry rugbyuitklopkompetisie*

**DIE Transvaalse Rugbyunie het ingestem om namens Wits 'n uitklopkompetisie tussen die Suid-Afrikaanse Universiteite te reël. Al agt die Universiteite het besluit om die voorstel van Wits te steun om sodoende vir 'n eie lige in te skryf.**

Die W.P. rugbyunie het sy goedkeuring aan die voorstel geheg dat Ikeys en Maties ook aan hierdie Universietitsliga kan deelneem, mits die wedstryde op Saterdae beslis word.

Die liga neem reeds vanjaar 'n aanvang. Volgens voorstelle wat nog goedgekeur moet word, word die eerste ronde op Saterdag 28 Mei afgespeel. Die tweede ronde vind op 25 Junie plaas en die eindwedstryd op die laaste Saterdag in Augustus of die eerste in September.

ELLISPARK

**Die Transvaalse rugbyunie voel dat die eindwedstryd hom toekom aangesien hy vir die reeks verantwoordelik is. Hiervolgens sal laasgenoemde wedstryd op Ellispark aangebied word as 'n voorwedstryd vir 'n Provinsiale botsing.**

Planne moet nog vir goedkeuring voorgelê word, maar dit blyk reeds dat agt spanne in twee afdelings gedeel sal word. Potchefstroom, Tukkies, Wits en U.O.V.S. sal blykbaar in die noordelike afdeling uitspeel, terwyl Rhodes, Natal Ikeys en Maties die suidelike afdeling sal vorm.

Om te voorkom dat die Universiteite wat hul jaarlikse intervarsities teen mekaar het, nie in die eerste rondte bots nie, sal die spanne van die noordelike afdeling eers te staan kom teen die van die suidelike afdeling.

Volgens die skema sal die name van die vier spanne in 'n afdeling elk in 'n hoed geplaas word en dit dan getrek word. Veronderstel Wits word uit die noorde eerste geloot en Stellenbosch uit die suide, dan sal die twee spanne in die eerste rondte teen mekaar te staan kom.

Die vier wenners van die eerste ronde-wedstryde sal dan weer vir die halfeindronde loot.

**Aanvanklik sou intervarsitywedstryde as eerste ronde gedien het. Die organiseerders voel dat dit onregverdig teenoor die spanne is en het op die jongste skema besluit.**

## Karen Muir was amper in Potch.

As gevolg van 'n fout wat blykbaar by die organisasie van die Wes-Transvaalse Swemunie ontstaan het, het die P.U., Potchefstroom en Wes-Transvaal onlangs 'n gulde geleentheid laat verbygaan om die briljante Springbokswemster, Karin Muir, in aksie te sien, aldus mnr. Piet Malan, Sportdirekteur van die P.U.

Geruime tyd gelede het mev. Muir, Karin se moeder, mnr. Malan meegedeel dat Karin graag na Potchefstroom sou kom vir 'n demonstrasie.

Die inisiatief wat van die Universiteit uitgegaan het in hierdie verband, is blykbaar nie met die nodige entoesiasme deur die Wes-Transvaalse Swemunie opgevolg nie. Die nodige toestemming vir die beoogde demonstrasie kon nie betyds verkry word van die Griekwaland-Wes Swemunie nie. 'n Groot geleentheid om Karin Muir op haar beste te sien het vir Wes-Transvaal verlore gegaan.



Mnr. Zachie Coetzee wys hier aan ons fotograaf hoe die karate-skop uitgevoer moet word. Mnr. Coetzee is die voorsitter van die plaaslike karateklub. Die sportsoort het vinnig veld gewen onder studente en vanjaar kan die klub spog met 'n groot getal deelnemers, het hy in 'n onderhoud gesê.

Mnr. Coetzee het gesê dat die stigter van karate, Funakosi Gichen verskillende karate-tegnieke saamgevoeg het waaruit en sportsoort ontstaan het. Sedertdien het daar verskeie afstigtings plaasgevind waarvan die huidige Kabe Shukolai op die P.U. verteenwoordig word.

Foto Fotokuns

## UNIVERSITEIT BIED KURSUS

'n Rugbykursus word van 11 tot 15 April op die P.U. aangebied. Die kursus sal die grootste van sy soort wees wat nog in Suid-Afrika aangebied is.

Spelers en afrigters van oor die hele Transvaal en Vrystaat sal praktiese en teoretiese onderrig ontvang in elke spelposisie van bekende Springbokke soos dr. Danie Craven, mnr. Gerhard Roux en prof. D. P. J. Smith.

Interessante praatjies sal gelewer word deur mnr. Kobus Louw en die vertolking van die reëls sal gelewer word deur mnr. Wouter du Toit en kapt. P.A. Myburgh.

Tydens die rugbyweek speel 'n uitnodigingspan van die Potchefstroomse Universiteit teen die Kwaggas. Die wedstryd vind op Maandag 11 April om 3.45 nm. op die Olënpark in Potchefstroom plaas.

Die volgende spelers is vir die P.U.-uitnodigingspan gekies:

Paul Durandt (P.O.K.), Ibbert Joubert (P.U.), Johan van der Schyff (Vereeniging), Koos du Plooy (P.U.), Gawie van der Lith (Vereeniging), Jannie Barnard (Diggers), Jannie Schhutte (P.U.), Piet Bosman (Vereeniging), Ferdinand Postma (P.U.), Vaatjie van der Merwe (P.U.), Piet Steinberg (Potgietersrus), Toy Danhauser (Kapt.) (Wes-Rand), Herman Venter (Goldfields-Wes), Koos Hattingh (Klerksdorp), Lofty Nel (Strathvaal).

## Sokkermanne leer fynere kunsies by Springbokke

**Sokkerspelers van die P.U. het reeds vroeg in die seisoen geleentheid gehad om die fynere kunsies van sokkerspel aan te leer toe tien professionele sokkerspelers spesiaal van Johannesburg gekom het om te help met die afrigting, het mnr. Johan van Wyk, kaptein van die Sokkerklub in 'n onderhoud gesê.**

Mnr. Jimmy Williams, die bekende afrigter van Highlandspark het die afrigting waargeneem. Hy het die sokkerspringbokke, Stan Jacobitz en Malcolm Rufus gebruik om demonstrasies te hou.

'n Grootkop van die beroepssokkerliga in Suid-Afrika, mnr. Vivian Granger, was ook teenwoordig en het die moontlikheid genoem dat die Pukke teen Tukkies sal kan speel in 'n voorwedstryd vir beroepspanne op die Randse stadion.

Die sokkermanne van die P.U. het almal verras toe hulle eerste span vir die eerste keer in baie jare onlangs daarin geslaag het om Potchefstroom oortuigend met drie doele teenoor nul te klop. Die wedstryd het op die Puk-veld plaasgevind.

Hoewel al die spelers uitmuntende spel gelewer het, kan die naam van Thys Pretorius tog uitgesonder word. Hy het al drie doele aangeteken.



**Die afrigter van Highlandspark verduidelik hier aan sokkerspelers van die P.U. die fynere besonderhede van sekere oefenmetodes. Op die voorgrond word die oefening gedemonstreer. Johan van Wyk, kaptein van die P.U. Sokkerkub sit heel regs (met swart sweetpak). Foto: Fotokuns**

## Hokkiedames oefen al

Onder leiding van mej. C. Malan het die P.U. se Dameshokkieklub alreeds begin oefen. In die stadium bestaan die oefeninge uit fiksheidsoefeninge en stokwerk.

Onder die eerstejaars is daar ook heelwat talent en hier wil 'n mens veral die name van Issie Howell (Wes-Transvaal junior), Annelie Gildenhuys (Suidwes-skole) en Marie Labuschagne uitsonder.

**Die kleredrag van die hokkiespeelsters het ook heelwat veranderinge ondergaan.**

## P.U.-Pluimbalklub braai vleis

Op Vrydagaand 1 April hou die Pluimbalklub van die P.U. 'n geselligheid op die Oude Molenterrein. Alle lede en toekomstige lede is baie welkom.

## Sportdirekteur genomineer

Mnr. Piet Malan, direkteur van die P.U.-Sportsinstituut en oud-rugbyspringbok, is onlangs genomineer vir die Sentrale Rugbykomitee.

Vir die verkiesing wat op 1 April plaasvind is mnr. Malan vol moed.

„Indien ek verkies word, sal ek nie slegs poog om vir rugby my beste diens te lewer nie, maar om my nog steeds vir sport in die algemeen te beywer sodat die P.U. ook daarby baat mag vind," het mnr. Malan gesê.

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers, die Studenteraad, P.U. vir C.H.O.

„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "

Turkstra

te kry by u kafeteria



Dit is die snit wat tel . . .
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411